Suid-Afrikaanse graanprodusente presteer ten spyte van terugslae

deur dr. Johan J. van Biljon, Hoofbetuurder: Opbrengsverbeteringstelsels, Kynoch Kunsmis

Voorspellings dui daarop dat die komende seisoen 'n goeie seisoen kan wees. Produkte met gevorderde tegnologie, insluitende verbeteraars, is beskikbaar om die komende seisoen maksimaal te benut.

Reënval en opbrengs

Suid-Afrika se somergraaproduksiegebied se reënval wissel tipies van 550 tot 900 mm per jaar terwyl dit in ander wêrelddele heelwat meer is. Ten spyte van die laer reënval, produseer ons meestal genoeg mielies vir eie gebruik en dikwels ook genoeg vir uitvoere. Dit wat voedselprodusente hier vermag is daarom buitengewoon en merkwaardig.

As ons na opbrengs oor tyd kyk, sien ons dat mielieopbrengs gedurende 1920 ongeveer 0,5 ton/ha was, gedurende die sestigs ongeveer 1,0 ton/ha, gedurende die tagtigs ongeveer 2,0 ton/ha en tans meer as 4,0 ton per ha. Mielieopbrengs het dus die afgelope 20 jaar verdubbel. Om hierdie prestasie te kon bereik is sekere aanpassings oor tyd gemaak.

Veranderde praktyke

Van die aanpassings wat gemaak is, sluit bewerkinspraktyke in. Minimum bewerking en selfs geen bewerking het sterk toegeneem om meer water te bewaar en insetkoste af te bring. Presisieboerdery-praktyke wat insette meer doeltreffend benut het ook toegeneem, terwyl kultivarkeuse met die gebruik van nuwe generasie kultivars met 'n baie hoër opbrengspotensiaal, groot geleenthede geskep het. Met al hierdie veranderings is bemestingspraktyke, oftewel plantvoeding, ook aangepas om die hoër potensiaal te benut.

Bemesting-aanpassings

By Kynoch Kunsmis is die doeltreffendheid van die kunsmisprodukte, maar ook die doeltreffendheid van die gewasse verhoog. Nuwe generasie produkte met hoër tegnologie om verhoogde doeltreffendheid te bewerkstellig, is ontwikkel.

Die aanpassings het nie by hoër tegnologie produkte gestop nie, maar die benadering tot plantvoeding het ook verander deurdat 'n gewasspesifieke-, groeistadiumspesifieke- en plekspesifieke benadering gevolg word.

Gewasspesifieke produkte wat vir elke spesifieke gewas of gewasgroep geformuleer is, het reeds groot veld gewen. Hierdie benadering gee erkenning aan die feit dat elke gewas sy eie behoefte het en dat een produk nie vir alle gewasse gebruik kan word nie.

Deur 'n plant se lewenssiklus is sekere voedingstowwe ook meer belangrik as ander. Die gewas behoort daarom te kry wat hy nodig het, wanneer hy dit nodig het. Plekspesifiek beteken dat elke land of selfs 'n gedeelte van 'n land soos by presisieboerdery verskillend bemes word deur die grond se fisiese en chemiese eienskappe in berekening te bring.

Kombinasies

Spesifieke omstandighede vereis spesifieke produkte en daarom moet daar 'n hele reeks van produkte wees wat mekaar aanvul om alle omstandighede op 'n pasmaak manier te hanteer. Soos wat opbrengs byvoorbeeld toeneem, moet nie net die toedieningshoeveelheid van 'n spesifieke produk toeneem nie maar moet daar ook verskillende tipe produkte gebruik word.

Om die regte kombinasies van produkte vir spesifieke omstandighede te kies, moet die gewas, die groeistadium, die grond en die klimaat almal gelyktydig in ag geneem word. Kynoch glo nie in 'n "silver bullet"-benadering (een wondermiddel wat alles sal regmaak en opbrengs sal verbeter) nie, maar indien die regte produkte gekombineer word, is die kans om die volle potensiaal van 'n spesifieke seisoen te benut net soveel beter.

Verbeterde doeltreffendheid

Nie net word die doeltreffendheid van die kunsmisprodukte van die kunsmis verbeter nie, maar ook die doeltreffendheid van die gewasse. Aan die kunsmis kant is 'n voorbeeld Agrotain® wat ons in die produk KynoPlus™ gebruik wat vervlugtiging en/of loging van stikstof drasties verlaag en sodoende die doeltreffendheid verhoog en terselfdertyd meer omgewingsvriendelik is.

Aan die gewasse kant is daar verbeteraars wat die produksie van suikers versnel, wat die plant meer energie gee en wat die plant meer weerstandbiedend maak teen byvoorbeeld siektes. Hierdie verbeterde doeltreffendheid bring mee dat die winsgewendheid van die graanprodusent kan verbeter.